*Sedert 22 September 1956: Oral voor Gods aangesig*

**Sondag, 22 Maart 2026**
**5e Lydenssondag**

## ‘n Diep verlange na vergifnis, sluit die smal deur na die Vaderhuis oop...

*“Onderweg na Jerusalem het Hy deur stede en dorpe gereis en die mense geleer. Iemand het Hom gevra: ‘Meneer, is diegene wat verlos word, min?’ En Hy het vir hulle gesê: ‘Beywer julle om by die smal deur in te gaan, want baie, sê Ek vir julle, sal probeer om in te gaan, maar sal dit nie regkry nie. As die huisbaas eers opgestaan het... En kyk, wie laaste is, sal eerste wees, en wie eerste is, sal laaste wees.’”*
(Lukas 13:22-25 en 30)

Ons gaan die vyfde Lydensweek in, gedagtig – in ons gemoed, in ons daaglikse doen en late (tóg?) – aan Jesus op Sý Lydensweg, “onderweg na Jerusalem deur stede en dorpe” (Luk. 13:22). Langs die pad praat mense besorgd oor die nuus van die dag: Goewerneur Pontius Pilatus wat doelbewus Jode se godsdienstige oortuigings kwets deur pelgrims uit Galilea by die offeraltaar by die tempel in Jerusalem wreed af te maai. Of die berig dat 18 mense gesterf het toe die watertoring van Siloam op hul ineenstort (13:13:1-5). Dis ‘n ernstige tyd; “laaste dae”; “die deur” om by “in te gaan” na die feesmaal, is “smal”; “as die huisbaas eers opgestaan het en dit sluit...” (13:24-25). Vandaar die dringende vraag uit die skare aan Jesus: “Is die mense wat verlos word, min?” (13:22). Met respek, by wyse van spreke: Is die hemel klein en die hel groot?

In ons lees van die Lukas-evangelie in hierdie Lydenstyd en vanjaar ons gemeente Berg-en-Dal se 70ste bestaansjaar, is ons ore gespits vir wanneer Jesus oor “vergifnis” praat: “om iemand te verlig van of vry te stel van skuld of uit ‘n regsverpligting” – die Griekse woord ***“áfesis”***. Die oortuiging dat net Gód dít kan doen: Só het Jesus immers sy dissipels ook leer bid: *“Vader, vergeef ons ons sondes, want ook ons vergeef elkeen wat teenoor ons skuldig staan.”* (11:4). Tot verbasing van die mense (en tot ergernis van die Fariseërs en Skrifgeleerdes) het Jesus egter sélf, meer as een keer, mense se sonde “vergewe”, en dit selfs op die Sabbat (5:21, 6:9)! Was dit Jésus wat gesê het Hy’s gestuur om gevangenes vry te stel; *“om die genadejaar van die Here aan te kondig!”* (4:19). Veral vir diegene wat gemeen het – omdat dit deurgaans vir hulle gesê is – dat hulle nie by die deur sal kan ingaan nie, maar buite moet staan, soos daardie “sondige vrou”, van wie Jesus sê “baie is haar vergewe” (7:36-37, 47). Buitestaanders “uit die ooste en die weste, die noorde en die suide” beleef dat hul ingenooi word na die feesmaal (13:29)! Jesus bring ‘n ommekeer: *“Wie laaste is, sal eerste wees”* (13:30)...

En tóg sê Hy – dringend: “júlle” – dat baie dit nie sal regkry om by die “smal deur” in te gaan nie. Waar lê dié sleutel dus?

**JL.**

Hartlik welkom by ons gesamentlike erediens vanoggend, gelei deur ds. Jan Lubbe en ons orrelis, dr. Johan Cromhout. Welkom aan besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* of Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel. Agter in die kerk is daar Bybels en Liedboeke op die tafel – neem gerus een en deel in ons liturgie en lering.

# LITURGIE

**Verwelkoming, en oomblik van stille toewyding...**

**Wydingslied:** "Jesus, o dink aan my" (Lied 384)

**Votum:** **Liturg -** "'Wie sê julle, is Ek?'
het Jesus gevra." (uit: Lukas 9 en 18)

**Gemeente -** "Christus – die Gesalfde van God."

**Liturg -** "Kyk, ons gaan op na Jerusalem,
en wat deur die profete oor Hom geskryf is,
word vervul:

**Gemeente -** "Die Seun van die Mens
gaan in die hande van mense oorgelewer word."

**Uitdoof van die Vyfde Lydenskers...**

**Wydingslied:** "Jesus, remember me" (Lied 384)

**Seëngroet**

**Loflied:** "Die Here is my herder en bewaarder" (Psalm 23:1, 2, 3)
(2e beryming: Lina Spies)

**Herinnering aan die Twee Woorde vir 'n gelukkige lewe...**

**Verootmoediging:** "Heer, wees genadig" (Lied 243 – twee keer)

**Genadeverkondiging**

**Geloofsbelydenis:** Apostolicum

**Danklied:** "O God wat ryk is aan ontferming" (Lied 245:1 en 3)

**Kinderverhaal...**

**Toewydingslied:** "Genade, onbeskryflik groot" (Lied 510:1, 2, 3 en 4)
(Terwyl ons sing, gaan die kleiner kinders – Kleuters tot Gr 4 – na hul kategeselokale)

**Skriflesing:** Lukas 13:22-30

**Verkondiging**

**Dankgebed**

**Offergawe van liefde en dank**

**Uitnodiging en uitsending**

**Slotlied:** "Ek weet vir seker: Jesus is Heer" (Lied 514:1 en 2)

**Seënbede, Amen en Orrelnaspel**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 22 Mrt | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |
| | 18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Diens van Woord, stilte en gebed* (Taizé). |
| Sondag, 29 Mrt | 09:30 – Ds. Johan Marais (Palmsondag). |
| | 15:00 – Teol.std. Steve Popane (Sothodiens). |

*LYDENSTYD EN PASE 2026*

*Ons nooi alle lidmate uit om vanjaar se Groot Lydensweek en Pase met ons in Berg-en-Dal deur te bring – dit is 'n tyd (saam met die herfs) van stiller word, na binne keer, luister of lees, oordink, mooi musiek en simboliek:*

| | |
|---|---|
| *Groot Lydensweek, 30/3 tot 2/4:* | *Oggendwydings (07:00-07:30)* |
| *Witte Donderdag, 2/4:* | *Aandnagmaal en Paaswaak (18:00)* |
| *Goeie Vrydag, 3/4:* | *Wydingsdiens (09:00)* |
| *Stille Saterdag* | |
| *Paassondag, 4/4:* | *Opstandingsdiens (09:30)* |

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 22 Mrt. | Nerine Lombaard, Amé en Nina Swanepoel. |
| 23 Mrt. | Christa Prinsloo, Lambrecht Scheepers, Wikus Schutte, Andries Snyman, Herman Stapelberg en Rachelle Wilson. |
| 24 Mrt. | Lia Geldenhuys en Elsie Haasbroek. |
| 25 Mrt. | Ida Harris, Denise Louw en Johan Janse v. Rensburg. |
| 26 Mrt. | Adrie Hechter, Ludelle Slabbert en Wynand Viviers. |
| 27 Mrt. | Anna-Maria Fourie, Pieter le Roux en Kayla Pelser. |
| 28 Mrt. | Alida Attwell, Marieta de Wet en Gerhard Jansen. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Lienkie Marais (Ladysmithsingel 16, wyk 4b); Ansie Barnard (Genl Cronjéstr 38, wyk 9); Tannie Trudie Roode (Serenicare, wyk 15) en Mari Smit (Serenitas 105, Wyk 15). Ons dink aan elkeen wat 'n siek of verswakte familielid moet ondersteun, en bid hul die nabyheid van die Here toe.

Ons innige meegevoel aan Tannie Dot Steyn en familie, by die heengaan van Oom Koos (Santé 123, wyk 18b); en aan Elsabé de Jager en hul kinders, by die skielike afsterwe van dr. Ludwig de Jager (Wild Olive Estate, wyk 18b). Oom Koos Steyn se gedenkdiens was afgelope Vrydag; dr De Jager se gedenkdiens vind eerskomende Saterdag, 28 Maart om 11:00 hier in Berg-en-Dal plaas. Ons bid hulle – en almal wat treur – troos toe.

Vir Pastorale Sorg in hierdie tyd: Kontak ds Jan Lubbe (082 784 9362).

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand Bybelstudiegroep (**18:00**) o.l.v. ds. Jan Lubbe: *"Sewe tekste uit sewe tydperke van Berg-en-Dal se lewe voor Gods aangesig – VII (2020-2026)."* Ons sluit hierdie Woensdagaand die reeksie en die kwartaal af.
Die ander twee Bybelstudiegroepe het reeds hul kwartaal se byeenkomste afgesluit.

## KERKRAADSAKE

**Kerkraadsvergadering, 22 Maart 2026**
Tydens 'n kort spesiale Kerkraadsvergadering vanoggend, is kerkraadslede verkies en 'n hulpkoster aangestel – die name sal by die erediens bekendgemaak word.

**Afnaweek en Verlof:**

| | |
|---|---|
| Ds. Jan Lubbe | 27-29 Maart 2026 (afnaweek) |
| Ds. Janke Hurter | 25 Maart tot 7 April 2026<br>(Sy besoek die Taizé-gebedsgemeenskap in Frankryk) |

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee: Maart**
In Maart is **Wyke 8** (blok noord van Emily Hobhouse), **9** (blok wes van Hoërskool Sentraal) en **11** (blok suidwes van Johieshof) aan diens vir ons gasvryheid; Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope-Shelter. Indien jy wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**GETUIENIS- EN BARMHARTIGHEID**
**Gemeentemark:** Komende Vrydag, 27 Maart, is ons volgende Gemeentemark – skenkings van bruikbare klerasie en kombuisware, asook vrywilligers om te help, is hartlik welkom (kontak 078 991 8013).

**Siësta Sorgsentrum:** Siësta, Hospice en Pro Care bied bekostigbare verblyf vir bejaardes òf familielede wat tydelik naby 'n geliefde, bejaarde of iemand wat behandeling ontvang moet wees. Kontak Viaan (083 394 7473) of Santjie (082 458 6469).

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/ projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 22 Maart: **Fonds vir die Kuratorium.** U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per SnapScan na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**

SnapScan

En nou nooi ons almal – oud en jonk – na die **Koragiete se Koffiehuis** in die binnehof:
Kom geniet iets sout-en-soet saam met heerlike koffie en geselskap;
donasies vir ons Orrelfonds is welkom!
(Hiermee sluit ons ook die kwartaal en kategese af – dankie almal en geniet die rus!)